

Die onverwelklike erekrans vir herders en die kudde (I Pet 5:1-4)

Gebed

O God en hemelse Vader, ek loof en prys U vir U liefde. U God, die Seun, die Groot Herder ons smag na U koms. O God, die Heilige Gees, open ons oë dat ons vandag se gedeelte sal sien, open ons harte om dit te ontvang, open ons hande om dit te gaan doen.

Maak ons getroue, geesvervulde en vreugdevolle herders tot nut van die kudde. Maak ons ook onderdanige lammers in die kudde wat saamwerk tot U eer sodat ons almal deelgenote sal wees van die erekrans van heerlikheid wat nooit verwelk nie.

Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus.

Amen.

Skrifoordenking

1. Ek, julle mede-ouderling, getuie en deelgenoot

1 *Ek doen dan nou 'n ernstige beroep*
op die ouderlinge
onder julle,
ek,
julle mede-ouderling
en getuie
van die lyding van Christus,
en julle deelgenoot
in die heerlikheid wat geopenbaar sal word:

2 *Versorg*
soos herders
die kudde van God in julle midde;

Petrus begin die laaste hoofstuk met die oproep:

Ek doen dan nou 'n ernstige beroep
op die ouderlinge
Versorg
die kudde van God

As jy daarna luister en dink hierdie boodskap is vandag nie vir jou nie, want jy is nie 'n ouderling nie, let op Petrus sê:

onder julle,

So, hy praat hier met die hele gemeente. Hy praat wel met die ouderlinge, maar die hele gemeente luister. So luister saam wat God van jou ouderling verwag, en hou hom daarvoor verantwoordelik. Maar onthou, jy is ook 'n leier. Of 'n Bybelstudie groepleier, of 'n leier in jou gesin, of by die werk of waar ookal. Hierdie beginsels geld netso vir jou.

Maar voor ons kyk na wat Petrus van die ouderlinge vra, kom ons kyk eers hoe stel hy homself bekend. Ook dit gee vir ons 'n groot les. Hy begin met:

ek, julle mede-ouderling

In die begin van die brief het hy homself beken gestel as

1Petrus, 'n apostel van Jesus Christus (I Pet 1:1)

Hy was een van die twaalf gekose apostels. In Handeling sien ons hy word die leier van die kerk. Hier stel hy homself nie bekend as iemand hoër as hulle nie, nee hy is bloot mede-ouderling. Wat hy vir hulle wil deurgee geld ook vir hom.

So as Petrus hierdie gesprek met die ouderling begin, gee hy nie 'n opdrag, soos wat hy kon doen uit sy status as apostel en kerkleier nie, nee, hy doen 'n beroep op grond van die feit dat hy vir hulle lief is. Dis hoekom ons gister gesien het hierdie laaste afdeling begin met die woord "Geliefdes".

As Paulus sy brief skryf aan Filemon, doen hy dieselfde. Hy sê:

8Daarom, al het ek in Christus die volste reg om jou op jou plig te wys, 9doen ek liever 'n beroep op jou op grond van die liefde. (Filemon 1:8-9)

Die rede is dat die opdrag ook uit liefde uitgevoer moet word en nie uit dwang nie:

14Maar ek wou niks sonder jou instemming doen nie, sodat jou weldaad nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse. (Filemon 1:14)

Dan gaan hy aan met sy bekendstelling:

en getuie

van die lyding van Christus,

Hy was 'n oog getuie van Christus se lyding. Hy was een van die twaalf dissipels. Hy was daar in Getsemane. Maar Petrus sou aand daardie aand terugdink met skaamte. Die gebeure het so ontvou in die evangelie van Johannes. Die verhaal begin in hoofstuk 13 waar hy vol bravade is:

37Toe sê Petrus vir Hom: "Here, hoekom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê." 38"Sal jy jou lewe vir My aflê?" vra Jesus. "Dit verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën." (Joh 13:37-38, 1983)

Na hoofstuk 18 waar hy oog getuie is van wat gebeur, maar nie getuig nie, maar verloën:

17 "Nee, ek is nie!" antwoord hy.

25Hy het dit ontken en gesê: "Nee, ek is nie!"

27Petrus het dit weer ontken,

en net daarna het daar 'n haan gekraai. (Joh 18:17, 25, 27, 1983)

Derdens stel Petrus homself bekend as

en julle deelgenoot

in die heerlijkheid wat geopenbaar sal word

Ons het gesien Petrus het Jesus verloën, maar hier kan hy homself besryf as deelgenoot van die ewige lewe. Vroeg in Handeling sien ons hom 3000 mense tot bekering preek en

regdeur Handeling getuig hy van die lyding van Christus ten spyte van swaakry en vervolging. Wat het gebeur van daardie vreeslike nag tot dan?

Soos wat hy Jesus drie keer verloën het, het Jesus hom drie met drie opdragte herstel:

15 Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir Simon Petrus:

“Simon seun van Johannes, *het jy My baie lief*, meer as hulle hier?”

“Ja, Here,” antwoord hy Hom, “U weet dat ek U liefhet.”

Hy sê toe vir hom: “Laat my lammers wei.” (Joh 21:15)

16 Jesus vra hom weer 'n tweede keer: “Simon seun van Johannes, *het jy My baie lief?*”

“Ja, Here,” antwoord hy Hom, “U weet dat ek U liefhet.”

Hy sê toe vir hom: “Pas my skape op.”

(Joh 21:16)

17 Jesus vra hom die derde keer:

“Simon seun van Johannes, *het jy My lief?*”

Petrus het *bedroef* geword omdat Jesus hom die derde keer gevra het: “Het jy My lief?”, en hy antwoord Hom:

“Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.”

Hy sê toe vir hom: “Laat my skape wei.” (Joh 21:17)

Elkeen van die drie opdragte gaan oor die kudde:

“Laat my lammers wei.”

“Pas my skape op.”

“Laat my skape wei.”

Die Lukas evangelie gee ons nog 'n rede hoekom Petrus weer tot inkeer kon kom:

31 “Simon, Simon!” het Jesus gesê. “*Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif.* 32 Maar Ek het vir jou *gebid* dat jou *geloof* jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, *moet jy jou broers versterk.*” (Luk 22: 31-32)

Die rede hoekom Petrus sy geloof kon behou, is Jesus Christus het vir hom gebid. Dit gee mens hoendervleis as jy dink hoe God so in detail vooraf aan elkeen van ons se bekering en inkeer werk. In hierdie vers sien ons dan ook die verdere opdrag wat hy al lank tevore gekry het:

As jy weer tot inkeer gekom het, *moet jy jou broers versterk.*”

So met sy bekendstelling sê Petrus: Ouderlinge, ek was swak net soos julle was, ek is bloot mede-ouderling, getuie, soos julle en deelgenoot van die ewige lewe, soos julle. Uit liefde het Jesus Christus op my 'n drie-ledige beroep gedoen om die kudde te laat wei en op te pas, nou doen ek dieselfde beroep op julle:

2 *Versorg* soos *herders die kudde van God* in julle midde;
hou toesig —

2. Ouderlinge, versorg die kudde van God

Kom ons lees eers weer die hele opdrag

2 *Versorg* soos *herders die kudde van God* in julle midde;

hou toesig —

nie uit plig nie,

maar vrywillig, in ooreenstemming met *die wil van God*;

nie uit skandelige winsbejag nie,

maar geesdriftig;

3 *nie baasspelerig oor hulle wat aan julle toevertrou is nie,*

maar as voorbeeld vir die kudde. (1 Pet 5:2-3)

Let op, die gemeente is 'n kudde. Ons funksioneer saam – dis nie elkeen net vir homself nie... Petrus moedig hulle aan vir die twee dinge:

- Versorging (Petrus se opdragte van: Laat my skape en lammers wei)
- en toesig (Petrus se opdrag van: Pas my skape op).

Die fokus van die ouderling is die aan hom toevertrou, die in sy midde

Hy verduidelik dan nie verder hoe, met 'n lysie van pligstate nie, hy fokus op die innerlike ingesteldheid. So wat is die motiewe agter hierdie innerlike ingesteldhede?

As jy iets uit plig doen, doen jy dit uit vrees vir straf. Die teenoorgestelde is dat jy dit vrywillig doen want jy weet is met die Vader versoen en het vrede in jou hart.

As jy dienswerk doen vir skandelig winsbejag is die motivering daaragter gulsigheid. 'n Passie vir geld... Daarteenoor as jy tevrede is met wat jy het, soek jy na die skat in die hemel en word jou dienswerk jou passie en doen jy dit geesdriftig, ja, gedryf deur die Gees.

As jy jou dienswerk baasspelerig doen, kom dit van hoogmoed af. Jy soek mag en eie eer. Daarteenoor is die versoende en Gees vervulde ouderling een wat in nederigheid die voorbeeld vir die kudde is.

So die ouderling se dienswerk, wat lei tot 'n gesonde gemeente, is 'n ouderling van vrede en vreugde in Christus teenoor die angstige, vreugdelose en wêreldse dienaar.

Die Hebreërs skrywer verduidelik dit so vir die gemeente:

17 Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie. (Heb 13:17)

Hy sê hier vir die gemeente 'n ouderling wat nie sy werk met vreugde doen nie, is van geen nut vir die gemeente nie. Die gemeente se bydra daartoe is om onderdanig en gehoorsaam as kudde die herder te volg.

3. Die onverwelklike erekrans van heerlikheid

4 En wanneer die Groot Herder verskyn, sal julle die erekrans van heerlikheid ontvang

wat nooit sal verwelk nie. (I Pet 5:4, 2020)

4 En wanneer die Groot Herder verskyn,
sal julle die erekrans van heerlijkheid ontvang

Petrus wys dan daarop dat die Groot Herder oppad is. Jesus Christus het homself as die Herder bekend gemaak in die Johannes evangelie:
14“Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, 15net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape. (Joh 10:14-15)

Die oproep aan die ouderlinge is om soos herders die kudde op te pas, ja, in Jesus Christus se voetspore. Onthou julle hoe hy dit gestel het in hoofstuk 2?

Julle is immers hiertoe geroep, want Christus het ook ter wille van julle gely; Hy het vir julle 'n voorbeeld nagelaat, sodat julle in sy voetspore kan volg. (I Pet 2:21)

So, word hulle weer 'n voorbeeld vir die gemeente om te volg.

En dan gee hy vir ons hierdie wonderlike belofte:

*julle [sal] die erekrans (kroon, 1953, 1983) van heerlijkheid ontvang
wat nooit sal verwelk nie.*

Hierdie onderwerp van die kroon is weer 'n video op sy eie wat ek na die I Petrus reeks wil maak. Kortliks wil ek dit wel uitlig: Hierdie erekrans is nie 'n prys wat die vinnigste hardloper kry en daarom moet jy dit ten alle koste vir jouself inwin nie.. Kyk wat staan in I Tessalonisense 2:

19 Want watter hoop of vreugde of kroon van roem, behalwe juis julle, sal daar vir ons by die Here Jesus wees wanneer Hy kom? 20 Want julle is ons eer en vreugde (I Tes 2:19, 2020)

Dis hoekom Paulus sy kudde aanspreek as sy vreugde en kroon.

1Daarom, my broers, julle vir wie ek lief is en na wie ek verlang, my vreugde en my kroon... (Fil 4:1, 2020)

Jy sien, die vreugdevolle herder van die kudde se vrywillige en geesdriftige dienswerk is gefokus om sy kudde die hemelse prys te laat kry. Dis die kroon waarvoor hy werk en streef. Dis alles behalwe 'n angstige, gulsige soek na 'n beloning. Die herder en die kudde word uiteindelik saam beloon. Dis hoekom Petrus homself ook voorgestel het as hulle deelgenoot van die heerlijkheid. Wat hulle dan kry is die kroon wat Jesaja voorspel het:

5Daardie dag sal die Here die Almagtige die kroon wees, die krans waarvoor dié sal roem wat van sy volk oor is. (Jes 28:5, 1983)

Samevatting

Petrus het begin met 'n ernstige beroep op die ouderlinge.

Sy bekendstelling het reeds gewys hy is presies so voorbeeld as wat hy van hulle verwag.
Hy is nie die apostel en kerk leier nie, maar **hulle mede-ouderling**,
Hy is 'n nederige, maar geesvervulde **getuie van die lyding** van Christus
En hy is saam met **hulle 'n deelgenoot** in die heerlijkheid

Die beroep wat hy dan gedoen het was:

Ouderlinge, **versorg die kudde van God** en hou toesig
Nie angstig, vreugdeloos wêrelds nie,
Maar met vrede en vreugde in Christus

Dan het ons gesien dat 'n ouderling, sonder daardie innerlike **vreugde, tot geen nut vir die kudde is nie.** Die kudde se **onderdanigheid** aan die ouderling help hom in die vind van daardie vreugde.

Daarna het hy die ouderlinge aangemoedig: **Die Groot Herder kom, volg in sy voetspore soos herders want** dan sal **julle** die onverwelklike **erekrans**, van heerlijkheid **ontvang**

Hierdie erekrans is nie 'n prys vir jou goeie werk nie, maar Christus en dit vir die hele kudde

Daarom ons tema vir vandag:

Die onverwelklike **erekrans**
vir herders
en die kudde

4. Oordenking

As jy 'n ouderling (of ander geestelike leier) is oordink hierdie gedeelte met die fokus wat die Groot Herder se voorbeeld vir jou beteken.

En as nie-ouderling, wat het jy van Jesus Christus geleer in hierdie gedeelte?

5. Dankbaarheid

As jy 'n ouderling (of ander geestelike leier) is, waartoe lei die Gees jou vandag? Wat gaan jy vandag anders doen in jou bediening wat werklik tot nut van die kudde gaan wees?

En jy as nie-ouderling is, waartoe lei die Gees jou vandag? Watter een daad van dankbaarheid gaan lei tot opbou en vreugde van die res van die kudde of vir jou ouderling?

6. Aanbidding

Sluit hierdie gedeelte af in gebed, soos die Gees jou lei. As jy hulp nodig het, ek gebruik soms die afkorting ABBA. In die Bybel staan dit vir Vader. Die afkorting rig dan my gebed so: A vir aanbidding – dan loof en prys ek God vir die wat Hy vir my gedoen het en dit wat ek van Hom in die teks gedeelte geleer het. B vir belydenis. Ek bely my swakhede wat weer die die Skrif uitgewys is. B vir bedank. Ek dank God vir dit wat Hy vir my gedoen het, vir die verlossingswerk wat ek in die Skrif kon sien, maar ook vir verhoorde gebede. Die laaste A vir Afsmeek. Hier vra ek hom om my te help met my voorneme, doen voorbidding vir ander en laastens vir myself.

Vrede vir jou